



RONDOM NUUS 57

SEPTEMBER 2026

IS ONS REG VIR DIE VOLGENDE 130 JAAR?

Die afgelope 130 jaar het vir ons 'n sterk fondament gelê waarop ons vandag kan bou. As ons egter volhoubaar wil groei en ook vir die volgende 130 jaar relevant wil bly, moet ons aanhou ontwikkel, aanpas en innoveer.

“

Groei bly 'n belangrike deel van ons visie en langtermynplan, maar groei alleen is nie genoeg nie.

”

Dit moet hand aan hand gaan met tegnologiese transformasie, aanpassing by klimaatsverandering en die vermoë om veerkragtig te bly in 'n wêreld wat vinniger as ooit verander. As verantwoordelike rentmeesters van hierdie besigheid moet ons seker maak dat ons produksiepraktyke, operasionele uitvoering en diens aan ons kliënte steeds 'n punt van uitnemendheid bly.

Kunsmatige Intelligensie (KI) gaan 'n belangrike rol speel in die toekoms van landbou en besigheid. Daarom gaan ons doelbewus tyd, energie en kapitaal belê om die geleenthede wat KI bied, te verstaan en verantwoordelik te benut. Ons sal dit versigtig doen, sonder om die besigheid onnodig bloot te stel aan risiko, maar met die oortuiging dat vooruitgang vereis dat ons nuwe moontlikhede omarm.

Ten spyte van die onsekerhede wat voorlê, is ek baie opgewonde oor die toekoms. Met die regte mense, die regte waardes en die regte ingesteldheid glo ek ons is goed geposisioneer om die volgende hoofstuk van ons geskiedenis met vertroue aan te pak.

Die nalatenskap wat oor 130 jaar opgebou is, is nie net iets wat ons bewaar nie, maar iets waarop ons verder bou. Elke geslag het sy eie verantwoordelikheid om die besigheid sterker aan die volgende oor te dra. Ek glo dat as ons nuuskierig bly, tegnologie verantwoordelik benut en nooit ophou verbeter nie, ons saam 'n toekoms kan bou waarop die volgende geslagte trots sal wees.



CEO Dutoit




Op Vroue wat blom

Augustus-maand was Vroue-maand en by Dutoit gee ons graag weer erkenning aan die vrouens in ons besigheid (en lewens). Nie net maak julle die grootste gedeelte (persentasie) van ons mense in die besigheid op nie, maar julle lewer ook 'n baie besondere bydrae ten opsigte van die ophelder van ons lewens en die moederlike instink van groei en koester.

Daar is ter ondersteuning van laasgenoemde besluit om hierdie jaar 'n pakkie blomsade aan die vrouens van Dutoit uit te deel. Plant dit, koester dit en laat dit groei en ontwikkel in die mooiste blomme, net soos julle ook daaglik by die werk met jul dagtake doen: "Cultivating wellness (and beauty), one harvest at a time!"

Die maand van Augustus word nie verniet gevolg deur die twee mooiste maande in die natuur nie (September en Oktober). Ons ervaar dit ook weer tans by Dutoit met die natuur wat wakker word en orals sy kleure, in die vorm van bloeisels en die opstaan van uieplantjies op ons lande, wys. Voorwaar 'n pragtige en belowende gesig.





DANKBAAR VIR **ONS MENSE**

Hoewel ons seisoen vanjaar vroëer gedraai het en droër is, is die vooruitsigte wat tans hiermee gepaard gaan positief vir beide Wes- en Ooskaap. Skades van die Mei-maand storms is bykans herstel en damme staan op gesonde vlakke.

Die finansiële jaar is onlangs voltooi (31 Augustus) en hoewel ons as gevolg van al die uitdagings nie by al ons teikens kon uitkom nie, is ons dankbaar vir 'n besigheid wat sterker en slimmer aan die anderkant kon uitkom. Ons mense se gesindheid in tye soos hierdie, maak van Dutoit 'n besondere werkplek.

Ons vier en sê dankie vir die spesiale rol en bydrae van vrouens by Dutoit, in Ceres en in Suid-Afrika, maar wil ook graag die res van ons mense bedank vir jou bydrae om elke dag te help bou aan ons maatskappy se visie.

Willem Coetsee

Managing Director



WORTELS DIEP

Hoekom ratsheid die belangrikste landbouvaardigheid van ons tyd geword het. Johann Kotzé, hoof van Agri SA, het onlangs iets geskryf wat 'n mens laat stilstaan:

“Die risiko is nie dat Suid-Afrikaanse landbou nie kan produseer nie. Die risiko is dat ons produseer binne 'n wêreldhandel stelsel wat homself in Brussel, Nieu-Delhi en binne ons eie doeane-unie vinniger herorganiseer as wat ons handel diplomatie kan byhou.”

Lees dit gerus weer. Ons kán produseer. Suid-Afrikaanse landbou het in 2025 rekorduitvoer van R266,3 miljard behaal, met 'n handelsurplus van R124,7 miljard — die tweede agtereenvolgende rekordjaar. Die boorde is geplant, die verpakkings-infrastruktuur staan, en die kapitaal is belê.

Wat onder ons voete skuif is: tariewe, handelsooreenkomste, hawe verdragings, wisselkoerse en die weer. Die Agbiz/IDC-landbou sakevertroue indeks het in die eerste kwartaal van 2026 tot 49 gedaal — 18 punte laer as die vorige kwartaal, en onder die 50-merk wat pessimisme aandui.

Dit is die nuwe normaal: nie 'n storm wat verbygaan nie, maar 'n omgewing wat aanhou verander.

Ratsheid is nie 'n modewoord nie — dit is 'n meetbare voordeel.

“Agile” klink dalk soos iets uit 'n IT-kantoor, maar die navorsing daaragter is duidelik. McKinsey se studie van 22 organisasies oor ses sektore heen het bevind dat maatskappye wat werklik rats geword het, hul kliënte-tevredenheid met 10 tot 30 punte verbeter het, werknemer betrokkenheid met 20 tot 30 punte, en operasionele prestasie — spoed, probleemoplossing en voorspelbaarheid — met 30 tot 50%.

Die interessante deel is hoe. Die navorsing wys op klein spanne met werklike besluitnemingsmag, vinnige leersiklusse, en een baie spesifieke gewoonte: besluit eerder nou met 70% sekerheid as om vir 100% sekerheid te wag. In 'n bedryf waar 'n hael waarskuwing, 'n hawestaking of 'n nuwe tarief nie vir jou vergadering wag nie, is dit nie roekeloosheid nie. Dit is wysheid.

En hier lê die punt vir ons as personeel: in 'n onseker omgewing word mense nie net raakgesien vir hoe hard hulle werk nie, maar ook vir hoe vinnig hulle aanpas.

Korn Ferry se navorsing oor “leer ratsheid” toon dat dit een van die sterkste voorspellers van toekomstige potensiaal is — sterker as ervaring alleen.

Vyf dinge waarop jy by Dutoit Agri kan fokus:

1. Bly nuuskierig oor jou eie bedryf. Lees elke week iets buite jou eie afdeling — 'n markverslag, 'n artikel oor 'n

nuwe kultivar, of 'n uitvoer kennisgewing. Ratsheid begin by inligting wat jy raakloop voordat dit jou raakloop.

2. Bou verhoudings vóór jy hulle nodig het. Die meeste verdragings in landbou is nie tegnies nie — dit lê dikwels in die verhoudinge en ooreenkomste tussen mense en afdelings. Ken die persoon in logistiek, kwaliteit en finansies by die naam. Wanneer die krisis kom, bel jy 'n mens wat jy ken, nie net 'n departement nie.

3. Doen klein eksperimente. Moenie wag vir die perfekte plan nie. Probeer dit op een blok, een lyn of een span. Meet. Pas aan. 'n Klein mislukking wat jy vinnig raaksien, is goedkoper as 'n groot een wat jy te laat ontdek.

4. Vra vir terugvoer — en vra dit spesifiek.

Selfbewustheid is volgens navorsing een van die beste voorspellers van sukses by leiers. Moenie net vra: “Hoe doen ek?” nie. Vra eerder: “Wat is die een ding wat ek anders moet doen?”

5. Sê dit hardop wanneer iets nie werk nie. 'n Span waar mense probleme vroeg opper, is 'n rats span. 'n Span waar mense wag totdat dit veilig is om te praat, is 'n stadige een.

Maar ratsheid sonder 'n anker is net rondwaai

Hier moet ons eerlik wees. Aanpasbaarheid het ook 'n skadukant. Wanneer alles beweeg, kan 'n mens self begin voel asof jy nêrens staan nie — en dan raak “agile” net 'n mooi woord vir ang.

Louie Giglio skryf in “Don't Give the Enemy a Seat at Your Table” dat die vyand se hoofwapen nie krag is nie, maar suggestie. Hy fluister leuens wat soos jou eie stem klink: jy is agter, jy gaan dit verloor, jy is nie genoeg nie. Hy kan jou nie dwing nie. Hy kan net voorstel. En hy kry 'n stoel by jou tafel as jy een uittrek.

Psalm 23 gee die teenvoeter:


“U dek vir my 'n tafel, selfs wanneer kompetisie, kritiek, vergelyking, ekonomiese druk en onsekerheid rondom my staan. U noem my nie 'n werknemer, 'n produsent of 'n prestasie nie. U noem my u kind.”

Dit is die wortelstelsel. Jou identiteit lê nie in vanjaar se opbrengs, die wisselkoers of die uitvoerpermit nie. En juis omdat dit nie dáár lê nie, kan jy verandering tegemoetgaan sonder om deur vrees regeer te word.

'n Boom wat in die wind buig, oorleef. Een wat probeer om glad nie te beweeg nie, breek. Maar 'n boom buig net veilig omdat sy wortels diep en vas is.

Jacques Matthee

Menslike Hulpbronne



Catch people living our values

values@dutoit.com

Skryf hierdie adres neer. Dit is nie 'n posbus vir klagtes of navrae nie — dit is die adres waarheen jy 'n kollega se naam stuur wanneer jy hom of haar ons waardes sien uitleef.

Waardes is die fondament van die huis

Kyk 'n mens na Dutoit Agri se strategiehuis, is dit maklik om eerste te kyk na ons vier strategiese doelwitte: Customer, Quality, Efficiency en People.

Maar heel onderaan die huis, in die fondament waarop alles anders rus, staan vier woorde: Betroubaarheid, Lojaliteit, Oordelikeid en Menswaardigheid. Kultuur en waardes.

Daardie plek op die bladsy is nie toevallig nie. 'n Strategie word geskryf; 'n kultuur word geleef. Ons kan die beste plan op papier hê — die markaandeel, die gehalte, die doeltreffendheid — maar as die fondament nie hou nie, staan die hele huis skeef. Elke doelwit in daardie huis word uiteindelik bereik deur mense wat op 'n sekere manier optree, ook wanneer niemand kyk nie.

Van oortuiging tot gedrag

Elkeen van ons vier waardes rus op drie oortuigings, en elke oortuiging word sigbaar in gedrag. Dít is die kern van die saak: waardes word uitgeleef in gedrag. Jy kan nie betroubaarheid sien nie, maar jy kan sien dat iemand doen wat hy sê hy gaan doen.

- **Betroubaarheid** — eienaarskap, sekerheid en integriteit. Konsekwenheid kweek vertroue.
- **Lojaliteit** — trots op DUTOIT, 'n gedeelde visie en toewyding. Deur dik en dun.
- **Oordelikeid** — beplanning, konsekwenheid en netheid. Dissipline is om die regte ding, op die regte tyd, reg te doen.
- **Menswaardigheid** — nederigheid, respek en omgee. Doen aan ander soos jy aan jouself gedoen wil hê.

Waar ons nou staan

Betroubaarheid is reeds uitgerol tot op die laagste vlak van die maatskappy — elke span, elke skof, elke werkplek. Ons volgende doelwit is om Lojaliteit, Oordelikeid en Menswaardigheid teen Februarie 2027 net so diep in die organisasie in te dra.



Vir die volgende ses weke is die fokus op die uitol van die waarde

Lojaliteit



Uitrol beteken egter nie net dat 'n aanbieding gegee is nie. Dit beteken dat die waarde herkenbaar word in wat mense doen.

Ons eerste erkennings

En dit gebeur reeds.

Izak Smit (Bokkenfontein) het erkenning ontvang van Gys du Toit vir die wyse waarop hy nie gehuiwer het om na Bokkenfonteit te skuif en die Landgoedbestuurder verantwoordelikhede op hom te neem na Willem Reynolds se tragiese afsterwe.

Christine Smit (Sneeuwkop) het erkenning ontvang van Zaretha King vir die wyse waarop sy onmiddellik met Zaretha kontak gemaak het toe Sneeuwkop te veel vrouedag geskenke ontvang het. Dit kon toe gebruik word vir 'n goeie doel.

Baie geluk aan albei. Julle wys vir ons hoe die fondament lyk wanneer dit hou.

Catch people living our values

Nou is dit jou beurt. Ons vra elke personeellid om doelbewus te kyk vir die oomblikke waar iemand ons waardes uiteleef — die kollega wat 'n fout erken en dit regstel, die spanlid wat 'n werkplek netjies agterlaat, die persoon wat 'n nuweling op die naam groet, die bestuurder wat terugbel soos belowe.

Stuur dan 'n kort e-pos aan values@dutoit.com met:

- **die persoon se naam en afdeling;**
- **watter waarde jy hom of haar sien uitleef het;**
- **wat presies gebeur het.**

Dit hoef nie lank te wees nie — drie sinne is genoeg. Erkenning wat spesifiek is, is erkenning wat werk, en dít is hoe ons van vier woorde op 'n skyfie by 'n kultuur uitkom wat 'n mens kan sien.

Jacques Matthee

Menslike Hulpbronne

Oortuiging 1

Trots Dutoit

Gedrag

- *Verteenwoordig die maatskappy met passie.*
- *Bevorder die maatskappy beeld.*

Oortuiging 2

Gedeelde Visie

- *Duidelike visie.*
- *Duidelike kommunikasie.*
- *Duidelike begrip.*

Oortuiging 3

Toewyding

- *Werk met oorgawe.*
- *Langtermyn ingesteldheid.*

Die derde generasie du Toit broers

Vanaf 1893 tot 1963, oor 'n tydperk van 70 jaar, het die Du Toit-familie slegs een plaas in die Koue Bokkeveld besit, naamlik Kromfontein. Die plaasnaam is afgelei van 'n kronkelende watersloot wat vanaf 'n natuurlike fontein deur die plaas gevloei het en as't ware die landskap gevorm het.

Met die verloop van tyd het Gysbert en Jan Linde du Toit, in oorleg met hul vader, besluit om Kromfontein te verdeel, soos destyds algemeen gebruiklik was. Uit hierdie verdeling het Lindeshof ontstaan, die begin van 'n nuwe hoofstuk in die familie se landbougeskiedenis.

'n Belangrike keerpunt het in 1972 aangebreek toe Paardekloof op die mark beskikbaar gekom het. Die omvang van die geleentheid was sodanig dat dit die vermoë van 'n enkele boerderyonderneming te bowe gegaan het. Daar is gevolglik besluit om die plaas gesamentlik aan te koop. Hierdie besluit sou die verloop van die familie se geskiedenis ingrypend verander.

Uit hierdie vennootskap het die grondslag ontstaan vir wat later as die Dutoit Groep sou ontwikkel. Wat destyds as 'n praktiese sakebesluit beskou is, het mettertyd die basis gevorm van 'n onderneming wat vir geslagte 'n betekenisvolle rol in die landboubedryf sou speel.


Uit hierdie ervaring het 'n eenvoudige, maar tydlose beginsel na vore getree:

**Twee koppe is beter as een.
Alleen beweeg jy vinnig, maar
saam beweeg jy verder.**

Hierdie filosofie van samewerking, wedersydse vertroue en gedeelde visie het nie alleen die sukses van die onderneming help vorm nie, maar ook 'n waardevolle nalatenskap vir toekomstige geslagte geskep.


Mag ons hierdie erfenis bly koester en die beginsels waarop dit gebou is, met dieselfde toewyding verder uitdra.

Gys du Toit Sr



G.C. du Toit III

Gysbert du Toit: Die Diplomaat



J.L.B. du Toit

Jan Linde du Toit: Die Strateeg

Paardekloof

DIE REËN

Die wolke het Paardekloof kom toevou en ons ryklik geseën met koue, vars lug en heerlike reën. Tussen 10 en 13 Mei het Paardekloof 366,5 mm reën ontvang. Teen die einde van Mei het Paardekloof altesaam 750,8 mm reën vir die jaar ontvang.

Ons is besonder dankbaar vir die 398,5 mm reën wat gedurende Mei geval het, vergeleke met die 21-jaar-gemiddeld van 122,3 mm vir dié maand. In Junie het ons 89,9 mm reën ontvang, teenoor die 21-jaar-gemiddeld van 214,6 mm. In Julie het 20,1 mm reën geval, terwyl die 21-jaar-gemiddeld vir Julie 164,8 mm is. Wanneer ons na hierdie syfers kyk, besef ons opnuut hoe groot seën die oorvloedige reën in Mei vir Paardekloof was.

Tydens die storm het die Paardekloof-span saamgestaan om die water optimaal te benut. Slote is skoongemaak, herstel, verbreed en nuwes is gegrawe om soveel moontlik afloopwater op te vang en veilig na die Ottergatdam te lei. Hierdie spanpoging het 'n groot verskil gemaak, en die Ottergatdam het ná die reën met 4 m gestyg, wat ongeveer 1 116 000 m³ water verteenwoordig.

Ons is dankbaar om te kan sê dat Visdam, Geeldam, Kleigat en Witdam tans 100% vol is, terwyl Ottergatdam op 80% staan. Hierdie water is van onskatbare waarde – dit is die hart van ons besigheid en die sleutel tot ons voortbestaan.

Ons is veral dankbaar dat daar, ten spyte van die swaar reën, geen groot skade aan huise aangerig is nie en dat geen gesin sonder hulp of ondersteuning moes klaarkom nie. Daar was wel groot skade aan die kraginfrastruktuur, wat veroorsaak het dat ons vir byna drie weke sonder elektrisiteit was. Danksy generators wat tussen werksareas verskuif is, kon die werk voortgaan en kon huishoudings steeds 'n mate van gerief ervaar.

Paardekloof het ook die gemeenskap ondersteun deur gasstofies beskikbaar te stel, sodat inwoners hul daaglikse take kon voortsit ondanks die kragonderbreking. Die gemeenskap se gevriesde voedsel is ook in die winkel se koelkamers geberg om voedselverliese te voorkom.

Hierdie tyd het ons weer herinner aan die waarde van samewerking, vooruitbeplanning en, bo alles, God se beskerming en genade.

Nicola Dork



PAARDEKLOOF RUGBY

Paardekloof se rugbyspan neem vanjaar deel aan die Boland Derby, waar hulle meeding teen Vastrap, Miracles, Le Plaisant, Lindeshof, Môrester, Op die Berg, Agtertuin en De Keur.

Die eerste rondte wedstryde het voor die vakansie plaasgevind, en die tweede rondte is tans in volle swang. Die span het reeds uitstekende uitslae behaal.

Op 25 Junie het Paardekloof vir Vastrap met 11–8 geklop in 'n spannende wedstryd. Daarna, op 1 Augustus, het hulle weer hul staal gewys deur Miracles met 31–29 te verslaan.

Die rugbyklub stap met trots die veld op in hul splinternuwe rugbytruie, moontlik gemaak deur die ruim borgskap van South Trade. Die nuwe truie gee nie net 'n professionele voorkoms aan die span nie, maar versterk ook die trots en spangees waarmee hulle Paardekloof verteenwoordig.

Ons wens die manne alle sterkte toe vir die res van die seisoen en vertrou dat hulle Paardekloof steeds met trots sal verteenwoordig.

PAARDEKLOOF NGK PRIMÊR BY CURRIEBEKER-RUGBY

Paardekloof NGK Primêr het die naweek van 1 Augustus die geleentheid gekry om 'n Curriebeker-rugbywedstryd in die Boland-stadion in Wellington by te woon. Paardekloof het die uitstappie ondersteun deur vervoer te voorsien, sodat die leerders hierdie besondere geleentheid kon geniet.

Altesaam 35 leerders en drie onderwysers het die wedstryd tussen die Airlink Pumas en die Sanlam Boland Kavaliers bygewoon. Dit was 'n opwindende wedstryd wat met 'n eindtelling van 30–25 in die guns van die Airlink Pumas geëindig het.

Die uitstappie het aan die leerders die geleentheid gebied om rugby van hoogstaande gehalte eerstehands te beleef. Dit was 'n waardevolle ervaring wat hulle nog lank sal onthou.

Nicola Dork



Tandfontein

KRIEKETKLUB - YOUNG LOVES

Sedert Oktober verlede jaar het daar onder jongmense 'n behoefte ontstaan om aan meer sportsoorte deel te neem as net rugby en netbal. Omdat hierdie sportsoorte slegs in sekere seisoene beoefen word, het 'n groep jongmense besluit om die hele jaar aktief te bly en meer sportief besig te wees. Hulle het Liandi Titus genader om te hoor of sy hulle met 'n krieketspan sou kon help.

Sy het dadelik ingestem en die Landgoedbestuurder genader om te hoor of so 'n span moontlik sou wees. Sy antwoord was dat, indien die mense ernstig is, hy bereid is om dit te ondersteun.



Met die hulp van Floors en Abraham het Liandi sommer vinnig 'n span saamgestel. Die spelers het bewys dat hulle ernstig is en het begin om vriendskaplike wedstryde te speel – aanvanklik sonder hul eie toerusting.

Hulle het die toerusting van die spanne teen wie hulle gespeel het, geleen. Terwyl daar wyd gesoek is na borge, het hulle uiteindelik 'n borg, Anna Smit, gevind. Sy het gehelp met die aankoop van kolwe, 'n stel paaltjiewagterhandskoene en balle.

Later het Anna Smit 'n verdere R5 000,00 geskenk, wat aangewend is om nog kolwe en balle aan te

MERKWAARDIGE "JONGBOER"

Vroue-maand ten spyt, dink ons nie aan 'n swart vrou wanneer ons die woord "jongboer" hoor nie. Tog is een van die top 5 studente wat die Jongboer Program gedoen het, Zokwanda Hiazo van Tandfontein.

Dit is 'n merkwaardige prestasie om verskeie redes. Zokwanda se Afrikaans is so-so en baie van die klasse en gesprekke was in Afrikaans. Sy moes fokus om by te hou. Verder was sy die enigste vrou in die kursus. Sy is dankbaar dat sy in 'n groep was waar haar klasmaats vriendelik en aanvaardend was. Daar was ook net een ander student met wie sy kon Xhosa praat. Sy verwoord goed hoe stresvol dit is om die enigste vrou by iets soos 'n boordloop te wees, waar alles boonop bespreek word in jou derde taal. Mense wat nooit persoonlik in so 'n situasie is nie, verstaan nie altyd hoe moeilik dit is nie. Sy was ook van die jongste studente in die groep. Uitdagings ten spyt, het sy onder die top 5 geëindig in die klas.

koop. Dieselfde skenking is ook gebruik om die aansluitingsfooie by die Unie te betaal.

Die span speel tans in 'n sosiale krieketliga wat by Boland Krieket geaffilieer is. Die bestuurder van die Tandfontein Young Loves-krieketspan, saam met die spelers, is die Landgoedbestuurder en die Werkswinkelbestuurder ewig dankbaar vir hul hulp met vervoer, asook vir mev. L. Smit, wat gehelp het met befondsing.

Ons glo en vertrou dat ons nog ver sal kom en dat daar in die toekoms verdere ondersteuning van borge sal wees.



Waar Zokwanda uitblink is buite in die boord. Sy is werklik lief vir die boorde en wil alles weet. Om haar te sien gesels met haar toesighouers is insiggewend. Sy is baie respekvol en luister mooi na hulle planne, maar is terselfdertyd duidelik oor wat sy verwag. Sy verstaan hoe om groepdinamika te gebruik.

Zokwanda rapporteer aan Kulu van Zyl wat haar as "'n yster" beskryf en haar vir die Jongboer program ingeskryf het.

Zokwanda se blootstelling aan landbou kom lank aan omdat haar ma gewerk het as plaas gesondheidswerker. Sy het 'n CPUT landbou kwalifikasie en haar plan is om haar B.Tech deur Unisa te voltooi. Haar grootste uitdaging: 'n rybewys!

Koue Bokkeveld Opleidingsentrum

Dutoit Vrugte

STORMKRAG

Op 11 Mei 2026 is Ceres deur 'n storm getref wat groot ontwigting aan die elektrisiteits-voorsieningsnetwerk veroorsaak het. Die impak was onmiddellik voelbaar, veral vir besighede en bedrywighede wat afhanklik is van betroubare kragtoevoer.

Teen Vrydag 15 Mei het Eskom 4 MW gedurende die dag en 10 MW gedurende die nag beskikbaar gestel. Hierdie beperkte toevoer moes noukeurig bestuur word om kritieke bedrywighede aan die gang te hou. Kragopwekkers is intensief gebruik en het in hierdie stadium ongeveer 6 000 liter diesel per dag verbruik.

Op Donderdag 28 Mei het Eskom 'n addisionele 5 MW beskikbaar gestel, wat die kapasiteit verhoog het na 9 MW gedurende die dag en 15 MW gedurende die nag. Hierdie verbetering het 'n beduidende verlaging in diesilverbruik meegebring, tot ongeveer 2 000 liter per dag.

Teen Vrydag 26 Junie is die elektrisiteit weer aangeskakel, wat 'n moeilike en veeleisende tydperk tot 'n einde gebring het.

Uitdagings tydens die krisis

- Die toegekende kW kon nie oorskry word nie, wat beteken het dat sonkragopwekking, kragopwekkers en kragverbruik baie fyn bestuur moes word.
- Omdat skakeling nie outomaties gedoen kon word nie, moes daar voortdurend praktiese en vinnige planne gemaak word.

- Verkoeling was een van die grootste prioriteite, en slim bestuur van kragverbruik was noodsaaklik.
- Kragopwekkers moes deurlopend met diesel gevul word. Altesaam 142 000 liter diesel is gebruik.
- Met elke skeduleverandering moes elektriese- en verkoelingspersoneel beskikbaar gestel word.
- Kragopwekkers moes gedurende die week om 22:00 en oor naweke om 00:00 uur oopgeskakel word.

Hierdie uitdagings het groot toewyding, spanwerk en opoffering geverg. Baie dank aan almal wat betrokke was.

Spesiale erkenning

'n Spesiale woord van dank aan die verkoelings- en werkswinkelspanne wat 'n groot bydrae gelewer het.

Morne Kritzinger



Vlnr: Pieter Prins, Adrian Mars, Enver Davids, Elwayne Carolus, Quinton Lintnaar, Linda Dyasi, Theo Olivier.

Dutoit Vrugte

'N BUITELANDSE OOGPUNT

I thought you'd enjoy this! I spotted one of your Dutoit apple boxes being transported on the back of a motorbike in Guinea, West Africa. It looks like your apples really do travel the world! Just thought I'd share this funny moment. Keep up the great work!

Andries van der Heyde




Oos-Kaap

'N JONG KUNSTENAAR MET 'N PASSIE VIR DUTOIT-VRAGMOTORS

Jacques-Lynne Steyn, 'n 13-jarige dogtertjie en die dogter van Jaco Steyn, wat by die Dutoit-werkswinkel in die Oos-Kaap werksaam is, spandeer graag haar vrye tyd aan skets en teken. Haar besondere belangstelling in Dutoit-vragmotors – en veral die ikoniese Dutoit-logo – het haar geïnspireer om hierdie pragtige sketse te teken. Haar liefde vir die vragmotors en die handelsmerk is duidelik sigbaar in haar werk, en ons is verheug om haar kreatiwiteit en talent met ons Rondomnuus-lesers te deel.





BELEGGING IN MENSE:

Voluit Vrou en Volwasse Man Opleiding Bemagtig Werknemers

Dutoit Agri se verbintenis tot opleiding en ontwikkeling het onlangs nuwe momentum gekry met die befondsing van die opleidingsinisiatief in die Oos-Kaap.

Die projek word moontlik gemaak deur fondse wat uit die maatskappy se Verpligte Opleidingsfonds (Mandatory Grant Fund) beskikbaar gestel word. Die doel van hierdie fonds is om opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede vir werknemers te ondersteun en sodoende vaardighede binne die organisasie uit te bou.

Du Toit Agri Oos- Kaap se werknemers het onlangs met die Voluit Vrou en Volwasse Man-opleiding begin wat deur Philani Training and Development Solutions NPC aangebied word. Die vierdag-program, wat van Junie 2026 af aangebied is, het al reeds 170 van 'n beplande 540 deelnemers toegerus met waardevolle kennis en praktiese vaardighede om hul persoonlike, gesins- en werksleuens positief te beïnvloed.

Die opleiding het gefokus op belangrike onderwerpe soos selfbeeld, persoonlike versorging, stresbestuur, gesinsbeplanning, gesinsversorging, die gevare van verslawende middels, MIV en VIGS, asook persoonlike finansies. Deelnemers het aktief deelgeneem aan besprekings, vrae gevra en waardevolle ervarings met mekaar gedeel.

Een van die opvallendste uitkomst van die program was die positiewe veranderinge wat deelnemers reeds gedurende die opleidingsweek in hul gesinsverhoudings begin toepas het. Baie het terugvoer gegee oor verbeterde kommunikasie, groter waardering vir hul gesinne en 'n hernude fokus op persoonlike groei en verantwoordelikheid.

Die terugvoer van deelnemers was uiters positief, en die opleiding is as leersaam, inspirerend en prakties ervaar. Ons deel graag van die terugvoering:

“Die dag het baie vir my beteken. Het baie geleer wat ek gaan en moet toepas”

“Ek is 'n stresbol by die huis. Ek is 'n persoon alles moet op sy plek wees waar dit hoort. My uitgangspunt is die kursus vereis dat ek my lewe sal moet verander. Ek het gister baie geleer.”

“Ek stres baie gou dan word ek baie kwaad. Gisteraand het ek almal drukkies gegee en verseker van my liefde vir hulle. Almal was baie verbaas en wou weet wat met my gebeur het.”



"Ek was dankbaar dat ons eerste kon Bybel lees dit het baie vir my beteken. Ek het baie geleer. Gisteraand het ek my vrou 'n drukkie gegee ook vir haar om verskoning gevra wanneer ek nie na wense optree nie. My vrou was baie verbaas. Tot vanoggend was sy baie opgewonde."

"Die kennis wat opgedoen is, sal werknemers help om sterker verhoudings te bou, beter besluite te neem en 'n positiewe bydrae tot hul gesinne, gemeenskappe en werksomgewing te lewer."

Du Toit Agri Oos-Kaap bedank Philani se bestuur en hul uitstekende fasiliteerders wat bygedra het tot die sukses van die program sover en sien uit na toekomstige ontwikkelingsgeleenthede wat die welstand en groei van ons werknemers verder sal bevorder.

"Wanneer ons in ons mense belê, belê ons in die toekoms van Dutoit Agri."

Dos-Kaap bestuurspan



Dutoit Services

CELEBRATING 10 YEARS

Dutoit Services started in November 2016 as 'n Packing and Staging Depot for Dutoit Agri in Midrand, Gauteng. It was a dream for some of the Dutoit Marketers to have their own Depot in Johannesburg, with the idea to be closer to the markets and Supermarket DC's to supply on short notice and to be ready when opportunities knock.

With hard work from a Dedicated team At Dutoit Services and support from the Dutoit Group directors we are building this dream.

This year we are celebrating 10 years of service to Dutoit Agri. With a small management team of 9 and workforce of +/-160 employees, Dutoit Services assists in servicing almost 50% of the national Supermarket accounts, 12 months a year.

A staging depot exists to make operations flow smoothly. That means: The right product; In the right place; At the right time; In the right quantity.

When we combine great people, disciplined processes, strong communication, and a commitment to continuous improvement, we aim to keep building a staging depot that adds real value to the business.

Dutoit Services is also a proud ambassador of the annual Cherry Time.

Dutoit Services assisted in growing the FRESH MARK onion volumes with double digits over the last 3 years.

We are dedicated to living the Dutoit Values and to "cultivate wellness one harvest at a time".





Can a bag of apples help kids explore **coding-style** thinking?

Dutoit Juicy Gems is back for its second year, building on the success of last year's game, which reached

1.3 million

people across South Africa.

This year, we're taking the adventure even further by turning a bag of apples into a fun, low-data learning experience for children and families.





Buy your **DUTOIT** Apples at Checkers nationwide

At Dutoit, we believe innovation should create value beyond the fruit bowl.

Juicy Gems is one simple way to make learning through play more accessible, while helping children connect the worlds of food, farming, technology and future-ready skills.

Look out for the QR code on selected packs to unlock the game.

The game helps children explore:

- Problem-solving
- Patterns & Logic
- Early coding-style thinking



Scan & Play

Learn More

juicygems.co.za



Human Resources

Verstaan ITA88's, Tweepot-Uitbetalings en Belastingnakoming

Bly Ingelig. Bly Nakomend. Vermy Onnodige Belastingprobleme.

As deel van ons verbintenis tot werknemers se finansiële welstand, wil ons graag bewustheid skep oor ITA88-kennisgewings, die belangrikheid van die indiening van jaarlikse belastingopgawes, die belastingimplikasies van Tweepot-Aftree-uitbetalings, asook die ernstige risiko's daarvan om jou identiteit aan iemand anders beskikbaar te stel vir werkdoeleindes.

Belangrike Sleutelboodskappe

- ✂ 'n ITA88 stel SARS in staat om uitstaande belasting direk vanaf jou salaris deur jou werkgever in te vorder.
- ✂ Die meeste ITA88's kan vermy word deur jou jaarlikse belastingopgawes betyds in te dien en enige belastingeskuld vinnig aan te spreek.
- ✂ Tweepot-uitbetalings is belasbaar en kan jou totale belastinglas vir die jaar verhoog.
- ✂ Die belasting wat reeds deur die fonds afgetrek is, is nie noodwendig die finale belasting wat verskuldig is nie.
- ✂ Moet nooit jou ID "verhuur" of "verkoop" sodat iemand anders daarmee kan werk nie. Dit kan lei tot belastingprobleme, boetes, ouditte en selfs regsoptrede.
- ✂ Hou jou belastingaangeleenthede op datum en monitor gereeld jou SARS eFiling-profiel.

DIE GEBRUIK VAN KI (AI)

Ons het onlangs 'n kompetisie gehou om medewerkers bekend te stel aan die gebruik van KI (AI) en hulle aan te moedig om die tegnologie op 'n kreatiewe manier te verken. Die uitdaging was om met behulp van Copilot 'n unieke Dutoit Payroll-wapen (coat of arms) te ontwerp. Na afloop van die kompetisie is daar gestem om die wenontwerp te kies, met Maria Hartnek van Dutoit Vrugte as die trotse wenner.





AI TOOL USAGE - APPROVED TOOLS AND DATA PROTECTION

As AI tools become part of everyday work, the IT Department is putting clear guidelines in place to protect company and customer data while giving teams access to capabilities that add real value.

Please read and apply the following:

1. Approved AI tool

The only AI tool approved for company data is Microsoft 365 Copilot, signed in with your Dutoit work account. We currently hold 25 licensed seats, managed and assigned by IT.

Please note an important distinction: having Copilot on your laptop does not mean you have a licence. A free version of Copilot is widely available — at copilot.microsoft.com, in the Microsoft Edge sidebar, and through any personal Microsoft account. It looks identical to the licensed version but does not carry the data protection that our licensed M365 Copilot provides.

The simple check: look at the account shown in Copilot. If it is not your Dutoit work account/email, you are not using the approved tool — do not enter company data.

2. Company data stays in the approved tool

No company data of any kind — including documents, emails, spreadsheets, customer information, financials, or operational data — may be entered into any AI tool other than the licensed M365 Copilot assigned by IT and accessed with your Dutoit work account. This applies to all other AI tools without exception, including the free version of Copilot and all other free or browser-based services. Entering company data into any unapproved tool sends it outside our control and is not permitted.

3. Requesting access

If your role would benefit from an approved AI tool, draft a short email detailing the business case/benefit to your division head. Approved requests can be emailed directly to the Head of ICT (pieters@dutoit.com).

4. Ongoing evaluation

The IT Department is actively evaluating additional AI tools for safe use within our environment. As tools are approved, we will communicate availability and access steps.

5. Data protection and monitoring

To keep company and customer data secure, network traffic and web usage are monitored continuously (24/7/365), in line with our acceptable use and IT security policies. This is a standard control to protect the business and everyone in it.

If you are unsure whether a tool or task is permitted, ask IT before proceeding. We would rather field the question than risk data exposure.

A handwritten signature in dark blue ink that reads "Pieter Schifkerling".

Dutoit

AANSTELLINGS



**COBUS
VAN NIEKERK**

*Produksiebestuurder
Oos-Kaap : Damplaas*



**ANTON
BOTH**

*Plaasbestuurder
Oos-Kaap : Waboom*



**PIETER
PRINS**

*Passer en Draaier
Dutoit Vrugte : Verpakking*



**DE WET
VAN HUYSSTEEN**

*Logistieke Bestuurder
Dutoit Vrugte : Bemarking*



**SHEREE
BOTH**

*Commercial Coordinator
Dutoit Vrugte : Bemarking*



**THEA
OOSTHUIZEN**

*Bemarkingsassistent
Dutoit Groente*



**DRICKY
BOTH**

*Administratiewe Klerk
Oos-Kaap : Waboom*



**STEFAN
BOTHMA**

*Junior Produksiebestuurder
Lindeshof*

PAARDEKLOOF BEWAARSKOOL

Paardekloof Bewaarskool het met groot opgewondenheid deelgeneem aan die Koue Bokkeveld Forum Eisteddfod.

Ons is besonder trots op elke leerder wat die moed gehad het om deel te neem. Al ons deelnemers het uitstekend gevaar en hul talente met selfvertroue ten toon gestel. Sulke geleenthede help kinders om selfvertroue te ontwikkel, nuwe vaardighede aan te leer en hul unieke gawes verder uit te bou.

Ons is dankbaar vir die geleentheid wat die Eisteddfod aan ons kinders bied en sien met groot opgewondenheid die potensiaal wat in hierdie jong talent skuil. Baie geluk aan elke deelnemer met hul pragtige prestasies. Die volgende leerders het deelgeneem en die volgende prestasies behaal:

Graad 1

Ayonanga Mbobo: Goud | Akhutando Moso: Cum Laude

Graad 2

Mateo Geldenhuys: Silver Plus | Kemelo Mphuthing: Goud | Marno Saroon: Cum Laude

Graad 3

Adrian Human: Goud | Leighwandré Lombard: Goud | Liam Swarts: Silver

Nicola Dark



GOEDGEDINK BEWAARSKOOL

Op 17 Junie 2026 het die Junior Nasorg tussen Graad 1 & 3 van Goedgekind Tandfontein deelgeneem aan die Eistedfodd by Op die Berg. Daar was baie opgewondenheid om deel te neem om hulle gedigte voortedra.

Die opvoeder het daagliks met hulle tyd gemaak om dit te oefen & aan hulle klasmaats voortedra & met tyd het die selfvertroue gegroei.

Elke kind het sy unieke gedig gekies & het die gedig wat hulle persoonlikheid sterk laat uitstaan voorgedra. Dit is so aangename geleentheid gewees dat die kinders hulle talente kon ontdek & selfvertroue groei.

**DIE KINDERS HET UITMUNTEND
GOED GEDOEN EN VERBETER
ELKE JAAR & GROEI MET
SELFVERTROUE.**

Die deelnemers vir 2026 met hulle prestasies

Kaywulica Syster – 92%
Mason Pedro – 88%
Anisha Geduldt – 86%
Rihaygo Paulse – 82%
Monrico Pienaar – 78%
Jesnique Klaase – 78%
Daywian Cyster – 78%
Misha Willemse – 78 %
Veronique Pienaar – 74%

Sarietta De Waal



APPELTJIELAND BEWAARSKOOL EN NASORGSENTRUM

Die afgelope paar weke was daar groot opgewondenheid by Appeltjieland, want ons het die voorreg gehad om twee baie spesiale besoeke te ontvang wat waardevolle boodskappe aan ons kinders gebring het.

Op Vrydag 31 Julie het Letha Wessels van die Witzenberg Munisipaliteit ons Nasorgkinders besoek. Letha het met die kinders gesels oor belangrike onderwerpe soos dwelms, die hantering van groepsdruk, asook die belangrikheid daarvan om drome en ideale vir die toekoms te hê. Die kinders het aktief deelgeneem en kon saam gesels oor die keuses wat hulle vandag maak en hoe dit hul toekoms kan beïnvloed.

Op Dinsdag 11 Augustus het Sersant November-Botes van Hamlet SAPS, saam met die span ACVV-maatskaplike werkers, ons Bewaarskoolkinders kom besoek. Hulle program het gefokus op “Ons lyfies” en het op ‘n prettige, ouderdomsgepaste manier vir ons maatjies geleer hoe belangrik dit is om hul lyfies te ken, te respekteer en veilig te hou.

Die kinders het veral die besoek van die vrolike teddiebeer, Blikkies, geniet. Blikkies het die kinders vermaak en saam met hulle gedans op die bekende liedjie “Die Here het my mooi gemaak”
Ons sê baie dankie aan Letha, Sersant November-Botes en die ACVV-maatskaplike werkers vir julle tyd, liefde en betrokkenheid by ons kinders. Sulke besoeke speel ‘n belangrike rol daarin om ons kinders toe te rus met kennis, selfvertroue en waardes wat hulle vir die res van hulle lewens kan saamneem.

**By Appeltjieland leer ons
nie net met boeke nie –
ons leer ook deur mense,
ervarings en omgee.**

Matilda De Villiers



Lynn Pharo, Juanita de Bruin, Sersant November-Botes, Blikkies (Dericks Mars) en Anita Ntshanga saam met Appeltjieland se Bewaarskool kindertjies



2026 WITZENBERG LANDBOUTOEKENNINGS

Die 2026 Witzenberg Prestige Landboutoe kennings, wat op 30 Julie by Kaleo plaasgevind het, het erkenning gegee aan die mense wat die hart van die Witzenberg se landbousektor vorm. Met 118 deelnemers wat oor nege kategorieë meegeding het, is uitnemendheid, toewyding en professionaliteit opnuut gevier.

Die Koue Bokkeveld opleidingsentrum bied die geleentheid jaarliks aan in samewerking met die Wes-Kaapse Departement van Landbou wat die kompetisie dryf en Shoprite, wat borg ondersteuning bied.

Die toekenningsaand het vanjaar saamgeval met KBOS se 25-jarige viering. Oor die afgelope 25 jaar het die sentrum duisende mense deur opleiding en vaardigheidsontwikkeling toegerus om met groter selfvertroue, kundigheid en leierskap 'n verskil in die landbousektor te maak.

In haar toespraak het uitvoerende hoof Carmen Roberts gesê dat die grootste sukses van landbou altyd by mense begin. Sy het hulde gebring aan produsente, vennote, aanbieders, personeel en veral die landbouwerkers wat elke dag die sektor vorentoe neem.

Dutoit is trots op almal wat deelgeneem het, ongeag of hulle gewen het of nie. Ons vier graag almal se toewyding aan die landboubedryf en sê dankie vir julle bydraes tot die maatskappy.

Baie geluk ook an KBOS met julle 25 jaar mylpaal. Julle maak 'n verskil in ons mense en kan trots wees op julle bydrae in mens-ontwikkeling.

Mariette Le Roux

Baie geluk in besonder aan die Dutoit wenners:

Drywers

1 Gerrit Komail: Paardekloof

Tegniese Operateur

3 Karel de bruin: Paardekloof

Sosiale Ontwikkeling

3 Adrieëta Ambraal: Nooitgedacht

Administratiewe Personeel

3 Anna Baardman: Kromfontein

Voorman/-vrou

2 Hlangula Bawuli: Nooitgedacht

Middelbestuur

2 Thembile Khleni: Paardekloof

Junior Bestuur

2 Maliviwe Wogqoyi: Nooitgedacht





Dutoit Communication

WHATSAPP & SMS

If you do not receive any WhatAspp or SMS communication from Dutoit, please follow these steps:

- 1. Confirm that your department manager supplied your correct number to Dutoit HR (Magda Steyn).*
- 2. Save the Dutoit number on your contact list: +27 23 007 5804.*
- 3. Contact Runei Kotze (074 9685 168) if all the above has been done and you still did not receive communication.*
- 4. We ask that all the department heads motivate their staff to supply their correct numbers.*



Korrespondente:

Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras | Dutoit Vrugte: Le-Maré van Niekerk | Dutoit Groente: Florina Ismael | Dutoit Hout: Lucille Jacobs | Kromfontein: Chrisna du Toit | Lindeshof: Carlien Rossouw | Nooitgedacht: Lenchen Visser | Paardekloof: Nicola Dark | Vastrap: Matilda de Villiers | Sneeuwkop: Madeleine van der Westhuizen | Tandfontein: Sarietta de Waal
Skaapkraal: An-Joh du Toit | Excelsior: Raeesa Hoosen | Oos-Kaap: Vanessa Strydom | Crispy Farming: Jacques Visser
Dutoit Services: Surina Swanepoel | NOVO: Willem Joubert.

Redaksie:

Runei Kotze, Jacques Matthee, Mariette Le Roux & Lenchen Visser
Stuur alle kommentaar en versoeke na runeik@dutoit.com | 023 312 1071.

Redaksionele Beleid:

Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.